Die boom van die lewe

G. J. du Preez 072 1876 076

Wie is die boom van die lewe?

Ons lees in*: Gen.2:9 En YAH het allerhande bome uit die grond laat uitspruit, begeerlik om te sien en goed om van te eet; ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van die kennis van goed en kwaad* (Alles wat YAH gemaak of geskape het was goed) Gen.1:31; Selfs Lucifer was gekoppel aan (*die boom van kennis*) goed. Wat ook gesien moet word is dat beide die bome uit die aarde moes gewees het, want YAH sê: "*alle bome*". In: *Gen.3:22 Toe sê YAH : Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken. As hy nou maar nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en lewe in ewigheid nie!* In die KJ.: *Gen.3:22 … lest he put forth his hand, and take also of the tree of life, and eat, and live forever:*
YAH spreek tot VADER "Mede Skepper" en erken dat Sy skepsels oortree het deur om van die verkeerde boom te ontvang wat Hy hulle oor gewaarsku het. Hy noem dat Hy wil hê dat hulle van die boom van lewe ook moet neem.
In Gen.3:24 staan: *So het Hy dan die mens weggedrywe en gerubs aan die oostekant van die tuin van Eden laat woon, met die swaard wat vlam en flikker, om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak. Gen.3:24..and a flaming sword which turned every way, to keep the way of the tree of life.*
M.a.w. die mens wat uit die tuin van Eden (*op YAH se bevel*) verban was, was nie verban om van die boom van die lewe te eet of ontvang nie, maar dat die toegang tot die boom bewaak sal word; Dus word die toegang suiwer gehou deur die swaard. Enigeen kan dus nie tot die boom van lewe kom nie, maar slegs die wat YAH toelaat, daarom die swaard (*Slegs die uitverkorenes*).

Ons lees in *Open.2:7: Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes* (Uitverkorenes) *sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek (YAH) gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van VADER is.*
En in Open.22:2 staan: *In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies.* Dus om die Paradys was daar 'n rivier (*waarvan daar 'n weg was*) met dié boom van lewe wat deur die jaar genees het.
In Open.22:14 staan: *Tot redding is die wat Sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.*
M.a.w. die wat YAH se Gebooie doen moet eers sy prioriteite reg kry en kom na die boom van die lewe (*YAHUSHA*). Erken YAHUSHA en doen Sy wil sodat Hy jou die reg tot die vrug van die boom deur die stadspoort kan skenk. *Open. 22:19 En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal VADER sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die reine stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.*

In die K.J. lees ons: *Open.22:19 And if anyone cancels or takes away from the statements of the book of this prophecy, FATHER will cancel and take away from him his share <u>in the tree of life</u> and in the city of holiness which are described and promised in this book.* M.a.w. In die boek van die lewe is dit geskrywe dat ons wel toegang het tot die boom van die lewe.

Wat nou vir my interessant is, is dat die boom van die lewe voortdurend in klein letters geskryf word. Dit skep die indruk dat dit minderwaardig is, maar tog noodsaaklik. As ons nie by die boom uitkom nie is ons nog nie in die Paradys nie. M.a.w. wanneer ons weer met YAH gaan trou en in die Paradys met Hom wandel sal ons die reg hê tot die boom van lewe. Tog sê die Skrif dat al die weë na die boom suiwer gehou word sodat die duisternis dit nie kan verduister nie.
Ons voorvaders moes ook gedeeltelik daarvan bewus gewees het. Hulle het ongelukkig net 'n mis-persepsie daarvan gehad. Hulle het bv. heilige pale en pilare langs YAH se altare geplant waarvan ons dit lees in Deut.16:21. Moses het op sy beurt (*Op bevel van YAH*) ook die paal van die lewe geneem en 'n slang daaraan gehang dat die wat daarna gekyk het gesond geword het. Ongelukkig het die volk nie opgehou om te kyk nie, want hulle het gedink dat dit die weg is. Dokters en ander gesond makers het ook die slang-simbool (*Wat 'n universele simbool geword het*) misbruik om die volk te mislei.

Met versugting wil ek ook YAHUSHA inbring. In die meeste Skrifte noem en skryf hulle dat YAHUSHA aan 'n kruis gehang het. Lees gerus die KJ. Hand.13:29;10:39; 5:30; Gal.3:13; 1Pet.2:24. om te sien dat dit wel 'n paal of boomstomp was. 'n Folterpaal was gebruik om die mens te folter waarvan die gefolterde slaan en seergemaak was. Die sodanige kruishout stel die vier windrigtings of die Zodiac wat in die astrologie gebruik word vir 'n T wat die afgod Tammus was (*Nimrod se seun*); Dit simboliseer ook dat die vertikale paal die manlike fallus is en die horisontale die vroulike. Die boom van die lewe wat weereens misbruik was deur die teenparty het die boom 'n vloek-hout gemaak. Die boom van die lewe wat nie eens 'n boom was nie het 'n simboliese boom geword deur okkultisme.
'n Boom of paal is tog 'n simbool van dood omdat dit geen takke of blare aan nie. Is dit dalk hoekom hulle YAHUSHA daaraan gehang het wat die Lewe is? Hulle het Hom vasgemaak en gemartel aan hulle aanbidding idool (*So kan ons baie pale of bome uit die Skif haal wat terug herlei kan word deur aanbidding van die volk na die boom van die lewe*).
As ons na Elia kyk het hy presies geweet waar die volk se hunkering was en dat hy dit dadelik aanspreek in: *1 Kon.18:21 En Elia het nader gekom na die hele volk en gesê: Hoe lank hink julle op <u>twee gedagtes</u>? As YAH Opperhoof is, volg Hom na; en as Baäl dit is, volg hom na! Maar die volk het hom niks geantwoord nie.* Hy praat met hulle omrede hulle een Heerser gedagte het, maar twee deure of weë. *Eseg.43:8*

Baal het Asjera gebruik (*boom met die krullende slang om*) om lewe voor te stel. Bo het ons gelees dat die "boom van lewe" 'n Wese van VADER was en nie 'n dooie boom nie (*YAHUSHA Seun van VADER is 'dood' en gaan nie weer lewe nie)*. YAHUSHA is die beginpunt wat die boom van die lewe voorstel en wat deel van VADER se wyse plan met ons het.Die wêreld het die boom manlik en vroulik gestel omrede dit lewe moes baar of voortbring.

VADER was ontsettend kwaad vir die wanbegrip en afbeelding wat Hy hulle oor gewaarsku het. Ons in Miga.5:13.: *En Ek sal uit jou midde uitruk jou heilige boomstamme….Ex.34:13 Maar hulle altare moet julle omgooi en hulle klippilare verbrysel en hulle heilige boomstamme afkap. Deut.16:21 Jy mag vir jou nie 'n heilige boomstam of enige boom plant langs die altaar van YAH jou Opperhoof…. Deut.7:5; Rug. 6:28; Jer.11:19 ; ens.*

Kom ons kyk na die vrug van die boom. In *Spr.11:30* staan*: Die vrug van die regverdige is 'n boom van die lewe, en hy wat siele win, is wys.*
Joh.4:36 En hy wat maai, ontvang loon en vergader vrug vir die ewige lewe, sodat die saaier en die maaier saam bly kan wees.
Luk 8:14 En wat in die dorings geval het—dit is die wat gehoor het, en hulle gaan weg en word verstik deur die sorge en rykdom en genietinge van die lewe en dra geen ryp vrug nie (2 Pet.1:3).
YAH het aan Adam in die tuin van Eden gesê dat hy slegs van 'n spesifieke boom nie mag eet nie. Hy kon van al die ander eet "wat die boom van die lewe insluit".
Adam maak so plus-minus 100 jaar later gebruik van die boom van die lewe, en deur sy gehoorsaamheid ontvang hy die loon daarvoor (*Saaier= YAH en maaier= Adam Joh.4:36*).Tugtiging tree in weens Eva se ongehoorsaamheid. Hulle word uit die tuin gejaag (*weg van die boom van die lewe*) nie dat hulle meer toegang tot die boom het nie, maar eerder dat hulle eers toestemming moet ontvang om van die boom te eet / leer (*En hul nageslag*). Hulle gaan nou in strafgerig leef tot 'n leerproses op aarde en moet nou hard werk om die vrug daaruit te verdien.

Ek gaan oor na die trooster in die Skrif. *Pred.4:1 Daarna weer het ek gesien al die verdrukkinge wat onder die son plaasvind, en kyk, daar was trane van verdruktes, en vir hulle was daar geen trooster nie; en aan die kant van hulle verdrukkers was mag, maar daar was vir hulle geen trooster nie.* Deur onkunde en ongehoorsaamheid was die boom nie vir hulle beskikbaar nie.
Klaag.1:1 sê: *Ag, hoe verlate sit die stad (Sion)….16 Daarom ween ek, my oog, my oog loop af in water, want ver van my is die trooster wat my verkwik; my kinders is verbyster, omdat die vyand die oorhand het.:* (lees gerus die hele hoofstuk van Klaag.1).

Ha satan het vir baie jare hard gewerk om ons in die duister te hou oor die boom van die lewe daarom die geklaag.

Kom ek gee nou perspektief oor die ondersoek. YAH sê: "Laat daar wees" en dit was so. Adam wat eers later geskape was (*Na die "bome")* het die voorreg gehad om van die boom van die lewe te geniet. Deur wetsoortreding het die vrye toegang tot die boom beperk geraak vir hom en sy nageslag. Let ook op dat die boom slegs aan Adam en Eva se nageslag beskikbaar was en nie vir die ander skepsels buite die tuin nie, want die boom was in die Paradys (*Slegs vir die uitverkore* Joh.17:9*)*

My erkenning en doelstelling kom uit *Joh.14:6. YAHUSHA antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die VADER behalwe deur my nie*. YAHUSHA die weg, YAHUSHA die waarheid en YAHUSHA die lewe, m.a.w. YAH (YAHUSHA) kom in Gen. (*dié lewe*) en skape alles wat ons ken en sien.

Die Lewe (VADER) het 'n boom geskep waarvan Hy Adam toestemming gegee het om van te eet / leer. Die boom was nie die lewe self nie, maar 'n skepping van VADER. Dié "boom" het alles ontvang by YAH oor die heelal bv. of oor die ontstaan van alle dinge of oor heerskappy in VADER se Koninkryk en alles wat die mens moes weet en leer. Die boom wat aan die "Lewe" behoort is nie die lewe nie, maar behoort aan Hom wat lewe skenk. Nou kan ons beter verstaan as ons sê: die boom "van" die Lewe. VADER sê: YAH is die weg na HOM; VADER is die waarheid wat jy ontvang by YAH; VADER is die lewegewende-brood aan daardie boom (YAH) en deur daardie lewens-brood sal jy die ewige lewe kan beërwe en ingaan in VADER se koninkryk.

Ter afsluiting. Daar sal altyd 'n dispuut wees oor wie of wat die boom werklik is in die tuin, maar wat wel van belang is, is die vrug van daardie "boom".

Die boom behoort aan VADER en die boom het 'n taak ontvang soos die boodskappers in Openbaring. Die boom is 'n Boodskapper wat VADER daar geplaas het (*wat in bewaring was*) in die tuin van Eden. Toe YAHUSHA 'n draai kom maak het op aarde het Hy die toegang weer moontlik gemaak vir ons as Sy uitverkore *Joh.16:15 Alles wat die VADER het, is Myne; daarom het Ek gesê dat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig*.

Ek verbly my in die wat kan verstaan en graag van daardie vrug wil eet. Joh.6:31 – 58

Bedink dit.